Maria was geseënd, maar 'Mediatrix' is sy nie

DEUR die eeue was een van die opvallendste verskille tussen Rome en die Reformasie die Maria-kultus soos dit in die Rooms-Katolieke Kerk beoefen is. Dit is natuurlik nie die belangrikste verskil nie. Daar is ander sake wat selfs dieper gaan, soos die verskille oor die verhouding tussen Skrif en tradisie, die regverdigmaking deur die geloof alleen, die kerklike ampte. Die verskil oor die siening van Maria bly ewenwel 'n ernstige saak wat nie geignoreer kan word nie.

In die Kersfeestyd kom Maria, die moeder van die Here Jesus, telkens in die kollig. Sy was inderdaad 'n geseënde vrou. Maar die Rooms-Katolieke het van haar veel méér gemaak. In hierdie vrye vertaling van 'n gedeelte van PROF WILLIE JONKER se studie oor haar, "The Mary Cult in the Roman Catholic Church" (NG Kerk-Uitgewers, Kaapstad), word aandag gegee aan die plek wat Maria in die Roomse denke inneem en gesê waarom ons daarteen protesteer.

Volgens die huidige Rooms-Katolieke siening, is daar vier leerstellige uitsprake oor Maria wat 'n gelowige moet aanvaar as noodsaaklik vir sy saligheid. Dit is:

- Die uitspraak dat Maria "Theotokos" is, die Moeder van God; dit is 'n uitspraak wat deur die Konsilie van Efese in 431 gemaak is.
- Die leerstuk dat Maria altyd 'n maagd gebly het – vóór, gedurende en ná die geboorte van Christus, sodat ewige maagdelikheid as eienskap van haar gesien kan word. *(semper virgo).*
- Die verklaring van die onbevlekte ontvangenis van Maria, wat beteken dat sy, deur 'n onverdiende gawe van God en ter wille van Christus, nie deur die erfsonde getref is nie (hierdie Roomse uitspraak is in 1854 gemaak).
- Die uitspraak dat Maria na liggaam en siel verheerik is om met die opgestane Christus te wees; hierdie uitspraak is ook bekend as die leerstuk van die liggaamlike ontvangenis van Maria in die hemel, en is in 1950 deur die Roomse Kerk aanvaar.

Hierdie vier leerstukke hou direk verband met die besondere plek van Maria in die weg van saligheid. Ten diepste beteken dit dat Maria op 'n unieke manier betrokke was en deel gehad het aan die menswording van die Woord. Met dit in gedagte, is sy verkies deur God.

'n Unieke rol

Skrifdele wat in die Roomse denke oor Maria 'n belangrike rol speel, is Luk 1: 28, 41–45; 2:34–35, 41–51; Joh 2:1-5, 19:25, 26:27, Hand 1:14 en ook Gal 4:4. Hierdie teksgedeeltes klink beslis baie anders vir die ore van 'n Rooms-Katolieke teoloog as vir die van 'n Protestant – klaarblyklik omdat die Rooms-Katoliek hom in 'n tradisie bevind waar dit praktyk geword het om dit op 'n bepaalde manier te verstaan. Volgens die Rooms-Katolieke Kerk dui al hierdie Skrifdele daarop dat Maria 'n unieke rol vervul in die verwerkliking van die verlossing, en op grond daarvan moet aan haar besondere eer toegesê word.

So word aan Maria ook verskillende titels gegee: Dogter van Sion, die Tweede Eva, die Moeder van die Lewende, die Koningin van die Hemel, die Koningin van die Heelal, Moeder van die Kerk. Daar word gesê dat sy die beste voorbeeld vir alle gelowiges is omdat sy haar Seun sonder vrae en in geloof gevolg het, sonder om te weet waartoe dit alles sou lei.

Vir die Roomse beskouing is dit belangrik veral omdat daar gevrees word dat hierdie naam tot misverstand kan lei in die sin dat dit gesien word as 'n bedreiging vir die enige middelaarskap van Christus. In die Roomse denke bring hierdie benaming haar egter nie op dieselfde vlak as vir Christus nie.

Maria, die moeder van Jesus, soos uitgebeeld in die onvergelyklike Pièta, beeldhouwerk van Michelangelo, in die Sint Pieterskatedraal in Rome.

dat Maria volgens Handelinge teenwoordig was toe die Heilige Gees uitgestort is. Sy was dus dáár toe die kerk gebore is. Sy self is deur God gered, maar as die een wat deur God op 'n baie besondere manier gered is, het sy dit moontlik gemaak – deur haar samewerking met God in die geboorte van Christus – dat die lede van die liggaam van Christus binne die kerk gebore kan word. Daarom, sê Rome, kan sy met reg die Moeder van die lede van die liggaam van Christus genoem word – Moeder van die Kerk. Haar verbintenis met die kerk is dus tweeledig: as die mees gerespekteerde lid én as die moeder daarvan.

Omdat Maria as die Moeder van die Kerk gesien word, is dit in die Roomse Kerk heel logies dat sy "Mediatrix" (middelares) genoem sal word. In die Roomse Kerk self word soms kritiese geluide teen dié benaming gehoor, en dan Christus se middelaarskap is uniek en fundamenteel, terwyl hare 'n sekondêre karakter het.

In ons Protestantse reaksie op die Roomse leer oor Maria, moet ons nie die fout maak om die besondere plek wat Maria in God se plan met die mens inneem, te ontken nie. God het háár gekies om die moeder van Jesus Christus te word. Sy is inderdaad van alle vroue, die geseëndste. Aan haar is eer gegee soos aan geen ander skepsel nie. In die onverdiende genade wat aan haar betoon is, styg sy uit bo alle mense en engele.

En tog, ook as ons graag wil hê dat hierdie boodskap van die Skrif tot sy reg moet kom, kry ons te doen met ernstige probleme ten opsigte van die Roomse kultus rondom Maria. Dit is eenvoudig so dat baie Roomse gelowiges – kinderlik in hulle denke hieroor – aan Maria 'n posisie gee wat sy nie verdien nie, en aan haar 'n plek langs God toeken en nie langer 'n plek by die verloste mensdom nie. En hierdie verkeerde opvatting van gelowiges word nie voldoende aan bande gelê deur die amptelike Roomse beleid en teologie nie. In dié verband is daar steeds 'n paar ernstige vrae wat aan die Roomse Kerk gestel moet word oor sy siening van Maria.

- Die eerste vraag is of dit nie ontoelaatbaar is nie om te beweeg van die dank wat aan God gebring moet word vir die genade wat Hy aan Maria betoon het, tot die verering van Maria self. Vir die Protestantse siening is hier 'n kloof wat nie oorbrug kan word nie. Natuurlik moet die kerk groot respek toon teenoor almal wat 'n rol in die heilsplan van God gespeel het: Abraham, Dawid, Petrus, Paulus ... Dit is egter 'n totaal ander saak wanneer die respek vervang word met 'n soort lofprysing wat net vir God toekom. In die Nuwe Testament is daar nie 'n spoor hiervan ten opsigte van enige mens behalwe die God-mens Jesus Christus nie.

Aandag aftrek

- 'n Tweede vraag hou hiermee verband: is dit nie so dat die verering van Maria – waarin sy vertrou word, haar voortgesette teenwoordigheid bely word en liefdevolle dinge vir haar gesê word – die aandag van Christus aftrek nie ... selfs al sê Rome dat die verering van Maria eintlik bedoel is om die aandag na Christus toe te lei. Die vraag is: het Christus iemand soos Maria nodig om die aandag op Hom toe te spits? Lei die Skrif ons daartoe om so 'n rol aan haar toe te ken?

Dit is opvallend dat in die verering van Maria, die Rooms-Katolieke dikwels woorde gebruik wat in die Skrif net van Christus gebruik word. Háár posisie in die hemel word vir Rome algaande min of meer die waarborg van ons saligheid. Meermale word sy in 'n posisie ingeskuif wat volgens die Skrif net aan Christus behoort; en dinge wat die Skrif net aan die Heilige Gees toeskryf, word ook soms aan Maria toegedig.

Vir 'n Protestant word met die verering van Maria as "mediatrix" of selfs "mede-verlosseres" 'n plek aan haar gegee wat, volgens die Skrif, net aan Jesus Christus behoort.

- 'n Laaste vraag is of Rome nie met sy siening van Maria besig is om ook hier plek te maak vir *die mens* se aandeel in sy saligheid, en veral vir *die mens se samewerking* in dié verband nie? Volgens Rome het Maria met haar historiese daad van gehoorsaamheid gedoen wat die kerk nog steeds moet doen ten einde deel te hê aan die saligheid.

Natuurlik sê die Protestantisme nie dat die mens géén deel het aan die bemiddeling van die saligheid nie. Ons weet dat God mense in sy diens gebruik – soos Hy inderdaad ook vir Maria vir diens van onskatbare betekenis gebruik het.

Dit beteken egter nie dat die diens van Maria onafhanklike waarde kry asof dit bykomend is tot die reddingswerk van Christus nie. In haar gehoorsaamheid en getuienis is Maria op dieselfde vlak as die profete en apostels. In sigself het dit nie waarde nie, maar gesien in die lig van die genade van God, kry dit betekenis.

In die verering van Maria word die aandag van God weggetrek en gevestig op die verdienste van die mens – hóé die Rooms-Katolieke teoloë ook teen dié Protestantse aanklag stry.

Op stuk van sake gaan dit klaarblyklik ook in die Roomse Kerk se Maria-verering om 'n onwilligheid om te leef uit God se genade alléén en het ons 'n verfynde uitdrukking van die begeerte om die mens ook met sy verdienste 'n rol in sy saligheid te laat speel.